NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN DIE BUITENGEWONE VERGADERING VAN DIE SINODALE KOMMISSIE NA AFLOOP VAN DIE BOSBERAAD OP 14 APRIL 2005 TE LEKKEROORD, OOS-LONDEN

1. OPENING

1.1 Die voorsitter open die vergadering met gebed.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJ de G Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk
Ds MF Steyn
Ds CH van Heerden – DL Finansies (verskoning)

2.2 Lede deur die Ringe benoem

RINGE	PRIMARII	SEKUNDI
Albanie	-	Ds FG Terblanche
Algoa	-	-
Burgersdorp	Ds AC van der Westhuizen (Aliwal-Noord)	Oudl PG Marx (Burgersdorp)
Cradock	Ds HM Strydom Oudl (me) AS Smit (Cradock-Noord)	-
Dordrecht	Ds WA van Zyl	-
Graaff-Reinet	Ds EH Ferreira	-
Humansdorp	Ds MF Steyn Oudl (me) J Beukes (Humansdorp)	-
Oos-Londen	-	Oudl (me) SF Prinsloo (OL)
Port Elizabeth	Ds M van Niekerk Oudl (ds) PL Louw (Kensington)	-
PE-Wes	Ds C Coetzee	-
Queenstown	Ds JPL van Straaten Oudl F van Z Bakkes (Cathcart)	-
Sondagsrivier	Diak SE Phillipson (Despatch-Eendrag)	
Uitenhage	Ds TJ van Schoor	-

2.3 Adviserend

Dr JWJ Viljoen – Direkteur Administrasie (Verskoning)

2.4 Op uitnodiging

2.4.1 Netwerkbestuurders:

Ds BIC Steyn - BNet en Liturgie
Dr A Oliphant – Barmhartigheid (verskoning)
Ds E Malan - Familie
Ds JH van Niekerk – Getuienis
Ds WP Petzer – Jeug
Prof PJ Naudé – Navorsing (verskoning)
Dr JD Prinsloo – Predikante
Mev L Steyn – Vroue

2.4.2 Fasiliteerder:

Ds Jan Lubbe

3. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

3.1 Die sakelys word aangevul onder punt 6 ANDER SAKE met die volgende sake:

Pt 5.9 Navraag: Kerkraad Cradock-Oos
Pt 5.10 Beheer van Ringsfondse Bylaag J, J.2, J.3
Pt 5.11 Mediaverklaring deur moderatuur: Patmos Bylaag K
Pt 5.12 Skrywe: Broer S du Plessis- Bylaag L
Pt 5.13 Skrywe: Ring van Queenstown Bylaag M
Pt 5.14 Beskrywingspunt Ring van Dordrecht Bylaag N
Pt 5.15 Skrywe Ring van Queenstown - KO Reglement 8 Bylaag O
Pt 5.16 Skrywe AS: Nie-gelegitimeerde saakgelastigdes – Algemene Predikante-byeenkoms Bylaag P
Pt 5.17 Skrywe AS: Databasis Kerkherenigingsprosesse Bylaag Q
Pt 6.2 Sinodale Kantoor
Pt 6.3 Lux Verbi: Lisensie vir Liedboek
Pt 6.4 DA: Versending van stukke aan leraars en kerkrade
Pt 6.5 Beskrywingspunt na aanleiding van Bosberaad

4. SAKELYS VIR DIE BUITENGEWONE SINODALE VERGADERING : 26-28 JULIE 2005 TE PORT ELIZABETH

4.1 Praktiese beplanning

4.1.1 Die buitengewone sinode word te Willows, Port Elizabeth, gehou. Koste: R950 per afgevaardigde. Gemeentes word uitgenooi om jongmense te stuur, teen dieselfde koste. Die bedoeling is om ook iets van die Algemene Sinode by dié sinode te beleef, waaraan die ontwerpspan aandag gee.

4.2 Sake uit Bosberaad vir Sakelys

4.2.1 Besluit: Die volgende sake uit die notule van die Bosberaad word op die buitengewone sinode se sakelys geplaas (met byvoeging van "gestuurdheid" - pt 4.2.1.6):

4.2.1.1 Geloofsbelydenis – wat glo ons oor God in hierdie tyd en vir hierdie konteks;
4.2.1.2 Tuiskoms – ons leef en werk in hierdie konteks;
4.2.1.3 Heiligheid – ons is God se mense in hierdie konteks, ons is Israel;
4.2.1.4 Brood – die bediening van brood, hoop, lewensmoontlikhede;
4.2.1.5 Families – herstel van die vesel van die samelewing, sodat daar mense van geloof sal wees sodra die 70 jaar in Babel verby is;
4.2.1.6 Gestuurdheid - as geroepenes van God, gefokus op die situasies en plekke waarheen Hy ons stuur.

... deur ...

4.2.1.7 Predikanteversorging;
4.2.1.8 Gelowiges in hulle dienswerk te help;
4.2.1.9 Ekumenies saam te werk;
4.2.1.10 Ons middele en potensiaal tot diens te stel in vennootskappe met ander rolspelers (gemeentes en instellings);
4.2.1.11 Vrymoedig na mekaar te luister en met mekaar te bly praat.

4.3 Ander oorwegings met die oog op die buitengewone sinode

4.3.1 Die vergadering bespreek die buitengewone sinode en karteer die volgende merkers vir die ontwerpspan:

- Die integrasie van spiritualiteit en gesprek oor konteks en roeping op die bosberaad was positief en moet op die sinode herhaal word.
- Ons sal die persone wat nie hier was nie aan boord moet bring, sodat hulle die proses kan deel. Hulle sal hul stories op die sinode moet kan vertel en deel word van die onderskeidingsproses.
- Die kommunikasie van die Bosberaad aan persone wat nie hier was nie, is krities belangrik.
- Ons brood en botter gesprekke raak ook die samelewing.
- Sake wat ons onderskei is soms anders as dié van die breë kerkleiding, en moet daarom deur die breë kerkleiding verreken word.
- Ruimte vir verskillende spiritualiteite is krities noodsaaklik.
- Lidmate *wan*trou nié die kerkleiding in die Oos-Kaap nié omdat gewone gemeente-dominees aan stuur van sake is. Dit beteken dat ons met vertroue kontensieuse sake, wat vir die Oos-Kaap wesenlik belangrik is, op die tafel kan plaas.
- Drie sake staan bykomend uit:
  - hoe kan 'n gebeure soos Patmos se skeuring voorkom word (rol van die kerkverband);
  - Predikanteversorging – weet lidmate hoe dit in pastorieë gaan?
  - Die konteks – mense het begin besef die kerk het 'n taak wyer as net lidmate, en die gemeente het 'n taak wyer as sy grense. Hoe kan gemeente van 'n oorlewingskrisis na 'n gestuurde kerk gedraai word?
- Dit wat hier gebeur het, moet by gemeentes gebeur - en by die sinode gemodelleer word.
- Daar is 'n werkstuk oor kerkverband wat vorentoe bespreek moet word.
- Versorging van die kerkraad is ook belangrik.
- Daar was 'n gebedspan wat vir die bosberaad gebid het. Die ideaal is dat 'n gebedspan in elke gemeente begin bid. Gee asb name en e-pos adresse aan Rethie van Niekerk deur.
- ***Gestuurdheid*** word ook by die vyf sake wat uitgekristaliseer het, gevoeg omdat dit sterk op die beraad gefunksioneer het en die vebreelding aangegryp het.
- 'n Verteenwoordiger van die Algemene Sinode word genooi om by die sinode op te tree. Moontlikhede: Coenie Burger, Kobus Gerber, Elshe Büchner, Piet Strauss, of ander geskikte persone.
- Geen verslae behoort te dien nie.
- Matt 5:13-16 word as wenk vir teks om in te "woon" voorgestel.
- Fasilitering van die sinode re kerkhereniging is noodsaaklik (sien Bylaag 1.2 punt 2.1.5).

4.3.2 Besluit: Formele sake uit die kerkverband en ander dringende sake wat mag opduik moet ook aandag kry, aangesien die vergadering moontlik nie tans daarvan bewus mag wees nie. Die Ontwerpspan pleeg oorleg met die SK-Dagbestuur hieroor.

5. KORRESPONDENSIE

5.1 Bedanking me Valerie Schäfer

Bylaag A

5.1.1 Die vergadering hanteer Bylaag A (Bedankingsbrief Mev V Schäfer - dd 2005-03-08).

5.1.2 Besluit: Die vergadering neem met hartseer kennis en aanvaar haar bedanking. 'n Bedankingsbriefie word aan haar gerig.

5.2 Kerkorde Artikel 44.1 Bylaag B

5.2.1 Bylaag B (Skrywe van dr Kobus Gerber re Kerkorde Artikel 44.1 - dd 2005-03-18) dien voor die vergadering.

5.2.2 Besluit om die wysiging van Kerkordeartikel 44.1 voor die buitengewone sinode te laat dien.

5.3 Gemagtigde handtekeninge Bylaag C

5.3.1 Die vergadering bespreek Bylaag C (Skrywe van dr Viljoen re tekenmagte - dd 2005-04-14).

5.3.2 Besluit:
5.3.2.1 Goedgekeur dat di Mouton en Van Heerden en dr Viljoen as tekengemagtigdes optree.
5.3.2.2 Dr Chris van Wyk word ook as bykomende tekengemagtigde benoem, indien nodig.

5.4 Reaksie op Besluiteregister AS Bylaag D

5.4.1 Die kerkraad van Middelburg-Uitsig se skrywe (Bylaag D - dd 2005-03-07) dien voor die vergadering.

5.4.2 Die kerkraad het die leraar se bywoning van die Algemene Predikantebyeenkoms intussen goedgekeur.

5.4.3 Besluit: Die vergadering neem kennis en stuur die skrywe vir kennisname na die Moderamen van die Algemene Sinode.

5.5 Toekenning vir jeugprojekte Bylaag E

5.5.1 Bylaag E (Toekenning vir Jeugprojekte - dd 2005-03-14) dien voor die vergadering.

5.5.2 Besluit: Aansoek word gedoen vir fondse in oorleg met die Netwerkbestuurder vir Jeug.

5.6 Gedeeltelike vrystelling OWO Bylaag F

5.6.1 Bylaag F (OWO-status en sakebedrywighede van gemeentes - dd 2005-03-08) dien voor die vergadering.

5.6.2 Besluit: Kennis geneem.

5.7 Uitkoop van tyd ds BIC Steyn Bylaag G

5.7.1 Bylaag G (Uitkoop van tyd ds BIC Steyn – dd 2005-03-16) dien voor die vergadering.

5.7.2 Besluit: Die saak word verwys na die DA en DL Finansies om by die dagbestuur van 19 Mei 2005 terug te rapporteer. Die dagbestuur ontvang volmag om 'n besluit in hierdie verband te neem.

5.8 Uitkoop van tyd ds DW Mouton Bylaag H

5.8.1 Bylaag H (Uitkoop van tyd: ds DW Mouton – dd 2005-0329) dien voor die vergadering.

5.8.2 Besluit: Die saak word verwys na die DA en DL Finansies om by die dagbestuur van 19 Mei 2005 terug te rapporteer. Die dagbestuur ontvang volmag 'n besluit hieroor te neem.

5.9 Navraag: Kerkraad Cradock-Oos

5.9.1 Die kerkraad van Cradock-Oos doen ook navraag of die bedrag vir die uitkoop vir die tyd van ds Schutte aangepas sal word.

5.9.2 Besluit: Die saak word verwys na die DA en DL Finansies om by die dagbestuur van 19 Mei 2005 terug te rapporteer. Die dagbestuur ontvang volmag om daaroor te besluit.

5.10 Beheer van Ringsfondse Bylaag J, J.2, J.3

5.10.1 'n Skrywe van die Ring van PE-Wes, Bylaag J (Beheer van ringsfondse –ongedateerd), die skriba se erkenning van ontvangs, Bylaag J.2 (Beheer van ringsfondse – 2004-03-14), en 'n skrywe van ds Charl Coetzee, Bylaag J.3 (Re: Erkenning van ontvangs – dd 2005-04-06) dien voor die vergadering.

5.10.2 Besluite:
5.10.2.1 Kennis geneem van die skrywes.
5.10.2.2 Die DA word versoek om 'n tweede scenario by die November 2005 SK-vergadering voor te lê wat beskryf wat die situasie sal wees as elke ring 'n gelyke bedrag ontvang;
5.10.2.3 Die beginsel is konsekwent dat die fondse ten opsigte van die werklike roeping van die kerk en daadwerklike nood aangewend word. Hierdie meriete mag bots met die uitgangspunt van 'n gelyke verdeling.
5.10.2.4 Die DA behoort voor die ringsittings 'n geprojekteerde bedrag van wat in die volgende finansiële jaar vir ringsprojekte beskikbaar sal wees, voor te lê. Ringe hou dan dan in die opstel van hul aansoeke hiermee rekening.

5.11 Mediaverklaring deur moderatuur: Patmos Bylaag K

5.11.1 Bylaag K (Mediaverklaring NG Kerk Patmos : Bedanking van leraars en 6 kerkraadslede - dd 2005-04-04) dien voor die

vergadering.

5.11.2 Besluite:
5.11.2.1 Die vergadering bekragtig die mediaverklaring.
5.11.2.2 Die SK roep al die gemeentes in die sinodale gebied op om vir NG Kerk Patmos te bid.
5.11.2.3 Die SK-Dagbestuur word versoek om moontlikhede te ondersoek om steeds vanuit die kerkverband 'n seën vir die twee oud-leraars van Patmos gemeente te wees.

5.12 Skrywe: Broer S du Plessis Bylaag L

5.12.1 Bylaag L (NGK-lidmaat se besorgdheid - dd 2005-04-10) dien voor die vergadering.

5.12.2 Besluit: Die vergadering neem kennis van die skrywe. Die skriba beantwoord dit in die lig van die bespreking oor die saak tydens die bosberaad.

5.13 Skrywe: Ring van Queenstown Bylaag M

5.13.1 Bylaag M (Skrywe Ring van Queenstown re Besluite - dd 2005-04-11) dien voor die vergadering.

5.13.2 Besluit: Die skrywe kom in die vorm van 'n beskrywingspunt op die sakelys van die buitengewone sinode.

5.14 Beskrywingspunt Ring van Dordrecht Bylaag N

5.14.1 Bylaag M (Reaksie op skrywe - dd 2004-11-10) dien voor die vergadering. Die dokument is pas aan die skriba oorhandig en bevat 'n beskrywingspunt met die oog op die buitengewone sinode.

5.14.2 Besluit: Die beskrywingspunt soos vervat in pt 23.2 van die skrywe dien as beskrywingspunt op die Buitengewone Sinode.

5.15 Skrywe Ring van Queenstown - KO Reglement 8 en Sentrale Salarisstelsel Bylaag O

5.15.1 Bylaag O (KO Regl 8 en sentrale salarisstelsel - dd 2005-04-13) dien voor die vergadering.

5.15.2 Besluit:
5.15.2.1 Die aanbevelings oor Reglement 8 word as 'n beskrywingspunt na die buitengewone sinode verwys;
5.15.2.2 Die DA, DL Finansies (s), ds Francois Esterhuizen en oudl Franscois Bakkes word as ad hoc kommissie benoem om 'n sentrale salarisstelsel te ondersoek.

5.16 Skrywe AS: Nie gelegitimeerde saakgelastigdes – Algemene Predikantebyeenkoms Bylaag P

5.16.1 Bylaag P (Nie-gelegitimeerde Saakgelastigdes by Algemene Predikantebyeenkoms - dd 2005-04-13) dien voor die vergadering.

5.16.2 Besluit: Die DA word op koste van die sinode na die Algemene Predikantebyeenkoms gestuur.

5.17 Skrywe AS: Databasis Kerkherenigingsprosesse Bylaag Q

5.17.1 Bylaag Q (Databasis Kerkherenigingsprosesse - dd 2005-04-13) dien voor die vergadering.

5.17.2 Besluite:
5.17.2.1 Die skriba stuur die inligting aan die Moderamen AS (waaronder Bylaag I.2).
5.17.2.2 Ringe en gemeentes word versoek om gebeure en verwikkelinge op plaaslike vlak rondom kerkhereniging aan dr Chris van Wyk deur te gee.

6. ANDER SAKE

6.1 Notule van die Moderatuur 2005-02-24 Bylaag I, I.1, I.2

6.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag I (Notule van die Moderatuur - dd 2005-02-24).

6.1.1.1 Besluite:
(1) Punte 1.-3.1.2.1 - Staan oor tot die volgende SK-Dagbestuursvergadering.
(2) Punte 3.2-3.2.1.1 - Aanpassing in Sinodale Ritme - Goedgekeur
(3) Punte 3.2.2-3.2.2.1(8) - Datums vir 2005 - Goedgekeur
(4) Punte 3.2.3 - 5. - Staan oor tot die volgende SK-Dagbestuursvergadering.

6.1.2 Die vergadering neem kennis van Bylaag I.1 (Konsepformule vir Begrotingstoekenning aan Ringe - dd 2005-02-24). Dit dien by die volgende vergadering van die SK-Dagbestuur.

6.1.3 Bylaag I.2 (Verslag Ad Hoc-Kerkherenigingsgesprek – ongedateerd) dien voor die vergadering en word in geheel goedgekeur.

6.2 Sinodale Kantoor

6.2.1 Dr Jan Viljoen, DA, het vroeër vandag onverwags siek geword en is in 'n Oos-Londense hospitaal opgeneem.

6.2.2 Besluit: Volmag word aan die moderatuur verleen om die situasie in die Sinodale Kantoor in die lig van dr Jan Viljoen se siekte te hanteer.

6.3 Lux Verbi: Lisensie vir Liedboek

6.3.1 Ds Hennie Strydom verwys na die reëling dat lisensiegelde vir die gebruik van die Liedboek via CCLI aan Lux Verbi gestuur word. Volgens die jongste rekeningstate word die koste van die lisensie volgens lidmatetal bereken en nie per die ooreenkoms volgens erediensbywoning nie.

6.3.2 Besluit: Die saak word vir optrede na die SK-Dagbestuur verwys.

6.4 DA: Versending van stukke aan leraars en kerkrade

6.4.1 Ds Hennie Strydom meld dat die Agenda vir die Algemene Sinode tot op hede nog nie by Middelburg-Uitsig gemeente gearriveer het nie. Hy skryf dit toe aan die feit dat die sinodale kantoor die dokumente nie pos nie, maar saam met indiwidue per beskikbare geleentheid na gemeentes stuur. Hy versoek dat die DA stukke direk per pos versend, en nie via lidmate en predikante laat aflewer nie.

6.4.2 Besluit: Die kantoor maak seker dat alle posstukke op effektiewe wyse by alle adresse afgelewer word.

6.5 Beskrywingspunt na aanleiding van die Bosberaad

6.5.1 'n Beskrywingspunt vanuit SK aan die buitengewone sinode, na aanleiding van die bosberaad, word vir goedkeuring aan die vergadering voorgelê:

Beskrywingspunt deur die SK aan die Buitengewone Sinode

Die Sinode poog om die nodige fondse te vind ten einde 'n aantal gemeentes te help om 'n leraar te bekostig.

1. Om te kwalifiseer vir hierdie hulp moet die gemeentes aan die volgende vereistes voldoen:

1.1 Nie meer in staat wees om 'n leraar volledig te onderhou nie;

1.2 Bereid wees om 'n aantal lidmate / kerkraadslede te laat bekwaam vir multi-kulturele evangelisasiewerk;

1.3 Onderneem om 'n multi-kulturele bediening te vestig.

2. Die nodige fondse kan op verskillende maniere verkry word, bv deur middel van ringsprojekte, 'n heffing op hanteringsgelde, borgskappe, of hoe dit ook al binne die raamwerk van staande besluite gevind kan word.

3. Motivering:
Die sinodale verband wil graag as gemeentes onderling na mekaar omsien;
kleiner gemeentes help sodat voldoende bediening vir almal moontlik word;
sy konteks in berekening bring en missionêre kerk in hierdie wêreld wees.
Die uitvoering van hierdie voorstel kan 'n begin wees om grond toe te kom.

Voorsteller: Dr Schalk du Toit
Sekondant: Ds Charl Coetzee

Besluit: Goedgekeur

7. VOLGENDE VERGADERINGS

7.1 Die SK-Dagbestuur vergader op 19 Mei 2005 om 11:00 te Port Elizabeth.

7.2 Die volle SK vergader net na afloop van die buitengewone sinode, en wel op 28 Julie 2005 om 14:00.

8. AFSLUITING

Dr Schalk du Toit sluit met gebed af.

Goedgekeur en onderteken te Port Elizabeth op die SK-Dagbestuursvergadering van:

Voorsitter: Ds EGJ de G Schutte

Skriba: Ds DW Mouton

Ander lede van die Kommissie: